Tema: As vreemdelinge op reis deur hierdie wêreld is ons in Christus geanker en kan ons persoonlik en kerklik in Hom groei en in sy koninkryk werk.

Vooraf sang
Lied 478:1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 84-2:1
Votum
Seën;
Lofsang: Ps. 118-2:1, 6, 7; Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 1 Petrus 2:1-10 – lees uit 1933 vertaling en wys op voorkoms van "kosbaar" in die teks wat anders vertaal is in die 1983 vertaling
Teks: Vers 4
NGB artikel 29 – paragraaf oor kenmerke van die ware Christen
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Lied 163:1
Seën
Amenlied Sb 13-3.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Kom ons probeer vir ’n oomblik ons weer inleef in die oorhoofse metafoor van die boek1 Petrus naamlik dat ons vreemdelinge is wat op reis is deur hierdie wêreld na ’n plek wat God vir ons voorberei.

Kom ons sê ons sou vir ’n baie lang tyd op ’n baie ver en uitgebreide wêreldreis gaan met die wete dat ons nie weer terugkeer na ons huis toe nie. Omdat ons nie weer huis toe kom nie, moet ons nou vir ons die belangrikste besitting van ons lewe inpak. Ons **kosbaarste besitting** wat ook gaan maak dat ons die reis kan oorleef.

Wat dink julle sal hierdie item wees wat ons moet impak vir hierdie reis? (laat lidmate noem)
Geloof? Kredietkaart? Paspoort? Wat? Ons lees dikwels in die geskiedenis van die Afrikanervoortrekkers dat hulle van oortuiging was dat die Bybel hulle kosbaarste besitting op hulle reis na die vreemde was. Die Bybel en die Belydenisskrifte wat in die wakis saamgeneem is.

Brs. en srs., ons Vader leer ons vanaand dat Jesus Christus die kosbaarste besitting is wat ons as vreemdelinge op ons reis deur hierdie moet hê! Jesus wat deur God die Vader uitverkies en aangestel is as die belangrikste steen in die gebou – die belangrikste besitting in die lewe van die gelowige!

Ons leer dat ons deur die geloof in Jesus geanker moet wees want dan word ons nie bedreig deur die aanslae van die lewe of deur dit wat ons sou kon verloor op die reis nie. Ons leef nie bevrees dat ons oorval of vernietig kan word nie, maar dat ons in en deur Jesus Christus kan groei in die geloof, veilig en sterk word in sy kerk en vir Hom en sy koninkryk diensbaar wees.

Kom ons kyk **eerstens hoe God die Vader Jesus tot ons kosbaarste besitting gemaak het.**
Reeds in hf. 1: 19 lees ons dat God ons vrygekoop het van ’n sinlose en sondige bestaan deur die “kosbare” bloed van Christus. God het ons so waardevol beskou dat Hy bereid was om die **bloed van Christus te gee sodat ons sy eiendom te word**. Sonder Christus sou dit nie moontlik gewees het nie! Christus was as Seun van God vir hom kosbaar en belangrik! Maar God het Hom afstaan ter wille van ons redding! **Daarom is sy bloed “kosbaar” dit is vir my en jou baie werd- dit is ons lewe werd**. Deur daardie kosbare bloed het ons deel gekry aan die reis saam met God deur hierdie lewe. **Christus is die kosbaarste, die belangrikste, die waardevolste besitting vir elke gelowige**

Die tema van Christus as kosbare waarde vir die gelowige word in ons teksgedeelte verder uitgewerk. Drie keer in die gedeelte word na Christus as kosbaar verwys. Die 1983 vertaling vertaal die woord kosbaar met ereplek. In vers 4 lees ons dat Christus by God uitverkore is en vir Hom kosbaar is. In vers 6 lees ons dat Christus die uitverkore en kosbare hoeksteen is wat God in Sion lê en in vers 7 staan daar: “Vir julle dan wat in Hom glo is Hy kosbaar...” maar vir die ongelowiges is Hy ’n steen waaroor hulle struikel en ’n aanstoot!

Geliefdes, wie dus in Jesus Christus glo het in Hom die kosbaarste besitting wat ons op hierdie reis as vreemdeling deur die wêreld nodig het! Omdat ons in Hom alles het – die ware en geestelik lewe en die voorsiener van al ons aardse behoeftes – is Hy al wat ons nodig het vir ons reis as vreemdelinge deur hierdie wêreld!

Daarom die oproep in vers 4: Kom na Hom toe, die lewende Steen! Hy is die lewe en Hy is al wat ons in die geloof nodig het vir ons reis as vreemdelinge deur hierdie wêreld!

Br. en sr., het jy – by wyse van ons metafoor – vir Jesus Christus as jou kosbaarste besitting ingepak? Gryp jy vas aan Hom as die een en al vir jou lewe!

Hoe weet ek dit? Hoe toets ek dit?
Een toetsvraag? Wanneer gelowiges meer bekommerd is oor alles wat hulle fisies kan verloor as hulle geloof, dan moet ons die vraag vra of Jesus werklik vir ons die kosbaarste besitting is? Glo ons dan nie dat Ons Vader deur Hom vir alles sal sorg nie! Al gaan alles ook tot niet in ons land – dan het ons nog die kosbaarste wat enige mens kan hê: Jesus en dan is ons versorg? Dan het ek God nie bo alles lief nie

ʼn Tweede toetsvraag: Wanneer ek so in geveg raak met mense rondom my, wanneer haat en jaloesie en bedrog en valsheid deel van my lewe is, dan moet ek vra of Jesus my kosbaarste besitting is. Want het ons nie juis verlede Sondag gehoor dat ons mekaar van harte moet liefhê nie? Wanneer ek my naaste nie liefhet nie – dan is Christus nie my kosbaarste besitting nie!

Daarom brs. en srs., kom ons gaan vanaand ook weer in die geloof na Christus toe! Kom ons maak Hom ons kosbaarste besitting op hierdie reis en maak seker dat niks ook sy plek in ons lewe vul nie!

Want, in die tweede plek, as Jesus my kosbaarste besitting is, dan verander Hy my lewe en gebruik Hy dit in sy diens! Wanneer ek in Christus geanker is dan kry my lewe op hierdie reis nuwe betekenis en waarde. Ons teks beskryf hierdie verandering met vier werkwoorde. Kom ons kyk daarna:
Vers 1: Hou op
Vers 2: Smag na
Vers 4 Kom na
Vers 5 Laat jou opbou
Hierdie vier werkwoorde is die vrug van Christus in my lewe, maar ook die geloofsverantwoordelikheid wat ek dra!

Vers 1 en 2 se opdragte: “Hou op en smag na’ geld jou persoonlike lewe; en vers 4 en 5 se oproepe “kom na en laat jou opbou” geld vir ons gemeentelike lewe.

Kom ons kyk wat dit beteken:
Brs. en srs. Christus verander ons persoonlike lewe deur eerstens te fokus op ons onderlinge verhoudinge met mense. En daarom gee Petrus die skerp opdrag: “hou op” met elke vorm van kwaad!!! Die Griekse woord vir “hou op” beteken letterlik: “skeur jou klere af”. Skeur die sonde van jou af soos ou vrot, stinkende klere.

Iemand wat Christus as kosbaarste skat ag, kan nie liefdeloos lewe nie! Daar is nie ŉ manier waarop die kind van God nog steeds soos ŉ heiden kan leef nie. Die sondes wat Petrus hier aanhaal dui dan veral op ons onderlinge menseverhoudinge. Hy noem vier:
1. Ons moet mekaar nie bedrieg nie. Dit dui tog op ŉ gesindheid van eie belange wat voorop staan. Dit jy so met mense omgaan dat jou belange altyd voorop staan. Dan is jy tog nie eerlik nie.
2. Ons moet ook nie skynheilig wees nie. Maw maak asof ons God dien – maar eintlik het ons ŉ ander agenda.
3. Ons moet nie jaloers op mekaar wees nie – God het aan elkeen ŉ plek in die gemeente gegee en ons moet mekaar se gawes en talente waardeer en gebruik.
4. Ons moet nie kwaadpraters wees nie. Daardie skinderpraatjie of gerugte wat ons oor ander versprei om hulle te beswadder of af te praat.

Saamgevat, brs. en srs: mense wat in Jesus geanker is, dien mekaar, is lief vir mekaar – verdra mekaar, vergewe mekaar, is diensgerig , nie selfgerig.

Die tweede opdrag vir jou persoonlike lewe is: "smag na". Dit is ŉ sterk woord: verlang na, soek ywerig na. Soos ŉ baba smag na sy ma se melk, so moet ons smag. **Na wat? Na die Woord van God.** Die onvervalste Woord. Smag na die Woord van die Here elke dag van jou lewe. Gebruik elke geleentheid om die Bybel te lees, dit te bestudeer en toe te pas in jou lewe. So groei jy in jou geloof en leer jy om diensbaar te word. Brs. en srs, dit word sovele kere gepreek en is ou bekende woorde. Maar hierdie opdrag van die Here is kardinaal. **Daarsonder sal jy nie geestelik kan groei nie en sal jy nie kan volhard tot die einde van die reis nie! Dit is jou kos en water vir die reis**

Maar, geliefde br. en sr., jy is nie op jou eie op hierdie reis deur die wêreld nie! Ons is saam met medegelowiges op reis en ons het mekaar nodig. Daarom, wie Christus as kosbaarste besitting het en in Hom geanker is, word ook deel van ŉ gemeentelike reis. Dit is verse 4 – 8.

En die eerste kern werkwoord hier is: "Kom na".... Dit is ŉ oproep om deel te wees van die kerk. Maar nie sommer enige kerk nie – die kerk waar Christus die fondament is. Want sien, God bou ook ŉ huis – ŉ geestelike huis en Hy het Christus gekies om die fondament van daardie huis te wees. Sonder Christus kan die kerk nie bestaan nie – is die kerk nie kerk nie. Alles behoort aan Hom want Hy het sy lewe gegee vir die lidmate van daardie kerk. Daarom is Hy die Hoof, bepaal Hy alles en besluit Hy wie daarin gemessel word.

Die Here roep jou dus vanaand – Kom na Christus as Hoof van sy kerk toe! Glo dat Hy vir jou die kosbare Verlosser is. Glo dat Hy aan Jou die ewige lewe gegee het. Kom dien Hom, aanbid Hom en verheerlik Hom. Hy is die hoeksteen en anker: die voorbeeld en die maatstaf. Jy as lidmaat moet uiteindelik soos Hy lyk.
Alles in die kerk – al jou dienswerk gaan om Christus. Br. en srs. as jy dit nie vir Hom doen nie – moet dit liewers nie doen nie.

Die tweede manier waarop Christus my lewe as medereisiger verander, is in vers 5 met die opdrag: "Laat jou opbou". Laat Christus jou toerus deur sy

gemeente. Hier wil die Here ons toerus met sy Woord, sy Gees en die Sakramente. Hier is mense wat jou wil bedien met sy Wood en sy Liefde.

Prakties gesproke: woon getrou die eredienste by, gebruik die geleenthede wat daar is om geestelik te groei. **Maar wees ook diensbaar.** Vers 5 sê dit baie duidelik: ons **is 'n priesterdom wat offers moet bring wat deur Christus vir God aanneemlik moet wees. Ja, kerkwees beteken ook om offers te bring – Jy moet dien.**

Vers 9 – 10 maak dit verder duidelik: wie Jesus as kosbaarste besitting ingepak het en wie in Hom geanker lewe is ook geroep om vir hierdie wêreld te vertel dat Jesus die kosbaarste besitting is! **As ek in Hom die belangrikste besitting op reis deur die wêreld gevind het, dan sal en wil ek Hom ook met ander deel!** Dan wil ek vertel van die wonderbare lig wat my lewe verlig het en wat lig vir verdwaalde mense op die pad bring.

Geliefdes, ons dank God dat ons in Christus die kosbaarste besitting het op ons reis as vreemdelinge deur hierdie wêreld! Kom dan telkens terug na Hom toe en laat Hy jou lewe sinvol en diensbaar maak. Dan vrees ons niks op die reis nie en sien uit na die einde van die reis om ook in tasbare teenwoordigheid van ons Kosbare Verlosser te wees.

Amen.